2024/25

# Reglement E

# Regulation E

# JUKSKEI SA

## ETIKET, KLEREDRAG & TOERUSTING

## ETIQUETTE, APPAREL & EQUIPMENT

Jukskei : Suid-Afrika se Sport vir Almal / South Africa's Sport for All

**INHOUD/INDEX**


| NR | ARTIKELBESKRYWING | ARTICLE DESCRIPTION | P |
|---|---|---|---|
| **1** | **GELDIGHEID VAN DIE ETIKET, KLEREDRAG EN TOERUSTINGKODE** | **VALIDITY OF THE ETIQUETTE, DRESS AND EQUIPMENT CODE** | **3** |
| | | | |
| **2** | **ALGEMENE BEGINSELS** | **GENERAL PRINCIPLES** | **3** |
| | | | |
| **3** | **ETIKET** | **ETIQUETTE** | **3** |
| 3.1 | Baanetiket | Court Etiquette | 3 |
| 3.2 | Seremoniële Etiket | Ceremonial Etiquette | 4 |
| 3.3 | Ondersteunersetiket | Supporters Etiquette | 4 |
| | | | |
| **4** | **KLEREDRAGREËLS** | **DRESS CODE** | **5** |
| 4.1 | Kleredragreëls | Dress Code | 5 |
| 4.2 | Algemene beginsels | General principles | 5 |
| 4.3 | Hoed/pet | Hat/cap | 5 |
| 4.4 | Strafbepaling | Penalty Clause | 6 |
| 4.5 | Interne Skool/Klub/Distrik deelname | Internal School/Club/District participation | 6 |
| 4.6 | Distrik-/Provinsiale wedstryde | District-/Provincial matches | 6 |
| 4.7 | Nasionale deelname | National Participation | 6 |
| 4.8 | Beamptes van spanne (Afrigters en Spanbestuurders) | Officials of teams (Coaches and Team Managers) | 8 |
| 4.9 | Diensdoenende Skeidsregters | Acting Umpires | 9 |
| | | | |
| **5** | **VERF VAN SKEIE EN PENNE** | **PAINTING OF SKEYS AND PEGS** | **9** |
| 5.1 | Verf van skeie en penne | Painting of skeys and pegs | 9 |
| 5.2 | Klub-/Skoolkleure | Club-/School Colours | 9 |
| 5.3 | Distrik-/Provinsiale Kleure | District-/Provincial Colours | 9 |
| 5.4 | Nasionale Kleure | National Colours | 9 |
| 5.5 | Die Kleure van die Nasionale Spanne | The Colours of the National Teams | 9 |
| 5.7 | Die kleure van Uitnodigingspanne | The Colours of the Invitation Teams | 10 |
| | | | |
| **6** | **TOERUSTING** | **EQUIPMENT** | **10** |
| 6.1 | Skeie | Skeys | 10 |
| 6.2 | Penne | Pegs | 10 |
| 6.3 | Passer | Calliper | 10 |
| 6.4 | Skraper | Scraper | 11 |
| 6.5 | Toerustingverantwoordelikheid | Equipment Responsibility | 11 |
| | | | |
| **7** | **WYSIGINGS** | **AMENDMENTS** | **11** |
| | | | |

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **GELDIGHEID VAN DIE ETIKET, KLEREDRAG EN TOERUSTING KODE** | **VALIDITY OF THE ETIQUETTE, DRESS AND EQUIPMENT CODE** |
| **1.1** | Hierdie kode is geldig ten opsigte van lede, deelnemers (Junior en Senior), beamptes en van toepassing op verskillende vlakke van deelname van die sport Jukskei. | This code is valid in respect of members, participants (Junior and Senior) and officials and applies to different levels of participation in the sport jukskei. |
| **1.2** | Hierdie reglement dien as aanvulling tot die Gedragskode (Reglement) , Anti-Dwelm (Reglement) en die amptelike Speelreëls (Reglement) van Jukskei SA. | This Regulation serves as a supplement to the Code of Conduct (Regulation), Anti-Drug (Regulation) and the official Game Rules (Regulation) of Jukskei SA. |
| | | |
| **2** | **ALGEMENE BEGINSELS** | **GENERAL PRINCIPLES** |
| **2.1** | Jukskei is 'n Presisie-sport en die volgende beginsels geld met deelname aan die sport op georganiseerde wyse: | Jukskei is a Precision sport and the following principles apply to participate in the sport on an organized basis: |
| 2.1.1 | Deelnemers (atlete) dra tydens deelname aan Jukskei, 'n beeld van dissipline in die sport en beeld van Jukskei, na buite. | During participation in Jukskei, participants (athletes) reflect an image of discipline in the sport and the image of Jukskei. |
| | a) Daarom is die gedrag en kleredrag van deelnemers (spelers en beamptes) belangrik om Jukskei te bemark en as sport te dien. | a) Therefore, the behaviour and dress of participants (players and officials) are important to market Jukskei and serve as a sport. |
| 2.1.2 | Provinsies, Distrikte en geaffilieerde klubs in Distrikte het die keuse om aanvullend tot hierdie ook addisionele Huishoudelike Reëls goed te keur. | Provinces, Districts and affiliated clubs in Districts have the option to also approve additional Household Rules as supplement to this. |
| | a) Hierdie kode dien as die basiese beginsels vir toepassing op alle vlakke van deelname. | a) This code serves as the basic principles for application at all levels of participation. |
| | | |
| **3** | **ETIKET** | **ETIQUETTE** |
| | Die sport word meestal in spanverband gespeel en daarom word daar van deelnemers en beamptes verwag om 'n sportiewe gesindheid te openbaar, mede-deelnemers, beamptes en toekouers te respekteer en ook die eiendom en tyd van ander te waardeer. | The sport is mostly played as a team and therefore it is expected of participants and officials to reveal a sporty attitude, respect fellow competitors, officials and spectators and also appreciate the property and time of others. |
| | Jukskei diskrimineer nie teen enige deelnemer nie en daarom respekteer ons mekaar se verskille en diversiteit. | Jukskei does not discriminate against any participant and therefore we respect each other's differences and diversity. |
| **3.1** | **Baanetiket** | **Court Etiquette** |
| 3.1.1 | Die organiserende instansie/beherende liggaam sal die speelterrein netjies voorberei en ook toesien dat die geriewe ten alle tye voldoende sal wees ten einde aan die vereistes van deelname te voldoen. | The organizing institution/governing body will prepare the playground and also ensure that the facilities are sufficient at all times in order to meet the requirements of participation. |
| 3.1.2 | Deelnemers en beamptes moet sorg dra om die speelterrein (bane ingesluit) ook skoon en netjies agter te laat na 'n wedstryd. | Competitors and officials must take care to leave the playground (including courts) clean and tidy after a match. |
| | a) Sorg ook telkens dat die sand in die putte herstel word en veral agter die putte weer teruggeskraap word alvorens u die baan verlaat. | a) Also ensure that the sand in the pits is restored and scraped back again, especially behind the pits, before leaving the court. |

| | | |
|---|---|---|
| 3.1.3 | Jukskei is 'n sport en daarom sal persone wat rook/damprook, nie toegelaat word om tydens spel op enige Jukskeiterrein te rook/damprook nie. | Jukskei is a sport and therefore people who smoke are not allowed to smoke/vape on any Jukskei field during play. |
| | a) Klubs, Distrikte en Jukskeipark moet voorsiening maak vir toegewysde rookareas (buite die speelgebied – nie tussen bane of geboue nie) waar diegene wat wel rook/damprook, kan gaan rook/damprook. | a) Clubs, Districts and Jukskei Park must provide designated smoking areas (outside the playing field - not between courts or buildings) where those who do smoke/vape, may go and smoke/vape. |
| | b) Geen toeskouer mag op die speelterrein rook/damprook nie en moet ook van die rookgebiede gebruik maak. | b) No spectator may smoke/vape on the playing field and must also make use of the smoking areas. |
| | c) Die organiserende instansie het beheer oor die toepassing van die rookreëls. | c) The organizing body has control over the implementation of the smoking rules. |
| | i. Die taak kan ook aan die diensdoenende skeidsregters toegewys word. | i. The task can also be assigned to the acting umpires. |
| 3.1.4 | Deelnemers behoort geen ander deelnemer se aandag af te lei of deur harde geskreeu die deelnemer se konsentrasie te verbreek nie. | Participants should not distract any other participant's attention or break the participant's concentration by shouting loudly. |
| | a) Gee eerder erkenning wanneer deelnemers goeie spel lewer. | a) Rather give recognition when participants play well. |
| 3.1.5 | Selfone is steurend en deelnemers word versoek om selfone af te skakel tydens spel. | Mobile phones are distracting and participants are requested to switch off mobile phones during play. |
| **3.2** | **Seremoniële Etiket** | **Ceremonial Etiquette** |
| 3.2.1 | Tradisioneel is Jukskei 'n sport waar gebruiklike openinge en afsluitings die byeenkomste kenmerk. | Traditionally Jukskei is a sport where usual openings and closing feature meetings. |
| | a) Seremonies word nie ekslusief hanteer nie en alle kulture en tale word respekteer | a) Ceremonies are not handled exclusively and all cultures and languages are respected. |
| 3.2.2 | Organiseerders moet deeglik voorberei en veral gaste ontvang en onthaal. | Organizers must prepare thoroughly and especially receive and entertain guests. |
| 3.2.3 | Deelnemers word deur hul beamptes bestuur en moet die seremonie eerbiedig deur stil te sit en mee te leef. | Participants are managed by their officials and must honour the ceremony by sitting still and paying attention. |
| 3.2.4 | Tydens prysoorhandigings sal deelnemers pryse in ontvangs neem met hul amptelike kleredrag en ten volle gekleed. | During prize giving participants will receive prizes in their official attire and fully clothed. |
| 3.2.5 | Organiseerders moet sorg dat deelnemers nie onnodig tyd verspil sodat die seremonies vinnig afgehandel kan word. | Organizers must ensure that participants do not waste unnecessary time so that the ceremonies can be completed quickly. |
| **3.3** | **Ondersteunersetiket** | **Supporters Etiquette** |
| 3.3.1 | Ondersteuners behoort die spel verkieslik van agter die baan waar te neem. | Supporters should watch the game preferably from behind the court. |
| 3.3.2 | Slegs spelers en beamptes word tussen bane toegelaat. | Only players and officials are allowed between courts. |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.3 | Ondersteuners moet ook deelnemers respekteer en nie raas of selfone naby die bane gebruik nie. | Supporters should also respect participants by not making a noise or using mobile phones near the courts. |
| | | |
| **4** | **KLEREDRAGREëLS** | **DRESS CODE** |
| **4.1** | Die organiserende instansie het beheer oor die toepassing van die kleredragreëls. | The organizing body has control over the implementation of the dress code. |
| | a) Dié taak kan ook aan die Beheerliggaam toegewys word. | a) This task can also be assigned to the Governing Body. |
| **4.2** | **Algemene Beginsels:** | **General Principles:** |
| 4.2.1 | Spanlede moet te alle tye sindelik en eenvormig geklee wees. | Team members must always be tidy and be dressed uniformly. |
| 4.2.2 | Beamptes is ook eenvormig en volgens die instansie geklee. | Officials are also dressed uniformly and according to the institution. |
| 4.2.3 | **Begripsomskrywing** | **Definition** |
| 4.2.3.1 | Sindelik beteken netjies, skoon en korrek volgens voorskrif. | Tidy means neat, clean and correct according to instruction. |
| 4.2.3.2 | Eenvormig beteken eenderse voorkoms betreffende kleur, maar nie die snit/styl nie. | Uniform means similar appearance regarding colour but not the cut/style. |
| 4.2.4 | Alle klere kan in die kleure van die instansie verteenwoordig word. | All clothing can be represented in the colours of the institution. |
| 4.2.5 | Die kenteken/embleem van die instansie kan op enige deel en in enige formaat op die klere vertoon mits die hele span/groep eenvormig vertoon. | The logo/emblem of the institution may be displayed on any part and in any form on the clothes as long as the entire team/group is uniform. |
| 4.2.5.1 | Die kenteken van die borg of jukskei-instansie wat verteenwoordig word, mag op die linkerbors/-sak van die kledingstuk aangebring word | The logo of the sponsor or jukskei institution they represent may be affixed to the left chest/-pocket of the garment |
| 4.2.5.2 | Die embleem/logo van 'n borg mag ook op die kledingstuk aangebring word en mag nie groter as 8cm X 8cm wees nie. | The emblem/logo of a sponsor may also be affixed to the garment and may not be larger than 8cm x 8cm. |
| | a) Indien beide op die voorkant aangebring word, mag die embleem/ logo van die borg nie groter as dié van die Jukskei-instansie wat verteen-woordig word, wees nie. | a) If both are affixed to the front, the emblem/logo of the sponsor may not be larger than that of the Jukskei institution represented. |
| 4.2.5.3 | Indien beide, jukskei-instansie en borg se embleem op die voorkant van die hemp aangebring word, word die borg se embleem op die regterbors gedra. | If both jukskei institution and sponsor's logo are affixed to the front of the shirt, the sponsor's logo is worn on the right chest. |
| 4.2.5.4 | Die embleem/logo van die borg of naam van die speler of instansie mag ook op die rugkant van die kledingstuk aangebring word en mag nie groter as 7cm X 30cm wees nie. | The emblem/logo of the sponsor or the name of the player or institution may also be placed on the back of the garment and may not be greater than 7cm x 30cm. |
| 4.2.5.5 | Die embleem van die skeidsregters kom op die linkerbors en die van JSA op die regterbors. Beide op dieselfde hoogte. | The emblem of the umpires is on the left chest and that of JSA on the right chest. Both at the same height. |
| 4.2.6 | Vir skoolwedstryde is die dra van vol sweetpakke aanvaarbaar, maar slegs sweetpakbroeke word ontmoedig indien dit nie werklik koud is nie. | For school games wearing full tracksuits is acceptable, but only tracksuit pants are discouraged if it is not really cold. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.2.7 | Organiseerders moet asseblief daarop let dat verbleikte kleure nie meer netjies vertoon nie. | Organizers must please note that faded colours are not neat. |
| **4.3** | **Hoed/Pet** | **Hat/Cap** |
| 4.3.1 | Die kleur en styl van hoofbedekkings is opsioneel, maar eenvormigheid ten opsigte van kleur moet gehandhaaf word. | The colour and style of headgear are optional, but uniformity in colour should be maintained. |
| 4.3.2 | Pette word met die keps na voor gedra. | Caps are worn with the cap part to the front. |
| 4.3.3 | Alhoewel kentekens versamel en soms op die hoed vasgespeld word, moet die hoed steeds sindelik en netjies vertoon. | Although badges are collected and sometimes pinned to the hat, the hat should still be always tidy and neat. |
| **4.4** | **Strafbepalings** | **Penalty Clause** |
| 4.4.1 | Bepalings van kleredrag is afdwingbaar. | The term of dress is enforceable. |
| 4.4.2 | By ‘n eerste oortreding word ‘n waarskuwing deur die beherende liggaam aan ‘n deelnemer gerig. | At a first offence a warning is issued to a competitor by the governing body. |
| 4.4.3 | By ‘n tweede oortreding kan ‘n speler belet word om aan die spel deel te neem alvorens daar aan die goedgekeurde vereistes voldoen word. | At a second offence, a player is disallowed to participate in the game until there is compliance with the approved requirements. |
| 4.4.4 | By herhaaldelike oortreding kan die beherende instansie die Skool, Klub, Distrik of Provinsie beboet wat nie die nodige toepassing uitoefen nie. | At repeated offence, the governing body may fine the School, Club, District or Province who does not exercise the necessary enforcement. |
| 4.4.5 | Boetes van R30 – R250 kan uitgereik word aan deelnemers en /of instansies wat nie toesien dat deelnemers aan die kleredragspesifikasies voldoen nie. | Fines of R30 - R250 can be issued to participants and/or institutions that do not ensure that participants comply with the dress code specifications. |
| 4.4.6 | Sou ‘n deelnemer weier om korrek geklee te gaan en weier om aan die spel te onttrek, verbeur die span waarvan die oortreder ‘n lid is, vyf (5) wedstrydpunte op sy totaal. | Should a competitor refuse to go dressed properly and refuses to withdraw from the game, the team of which the offender is a member loses five (5) match points on his tally. |
| **4.5** | **Interne Klub-/Skool-/Distrikdeelname** | **Internal Club-/School-/District Participation** |
| | Die Distrikbestuur/Beherende Instansie neem verantwoordelikheid om toe te sien dat deelnemers aan die kleredragkode voldoen. | The District Management/Controlling Institution takes responsibility to ensure that participants comply with the dress code. |
| | a) Elke instansie bepaal sy eie kleredragreëls. | a) Each institution determines its own dress code. |
| **4.6** | **Distrik-/Provinsiale wedstryde** | **District-/Provincial matches** |
| | Die Distrikbestuur neem verantwoorde-likheid om toe te sien dat deelnemers aan die kleredragkode voldoen. Die dra van Distrik-/Provinsiale kleure tydens skool-/klubdeelname word ontmoedig. | The District Management takes responsibility to ensure that participants comply with the dress code. Wearing District-/Provincial colours during school/club participation is discouraged. |
| | a) Die distrik/provinsie bepaal sy eie kleredragreëls. | a) The district/province determines its own dress code. |
| **4.7** | **Nasionale deelname** | **National Participation** |
| | Nasionale Kleure (Korporatief en Protea) word slegs gedra wanneer die speler/ beampte in hierdie hoedanigheid optree en | National Colours (Corporate and Protea) are only worn when the player/official acts in this capacity and are not allowed during other events. |

| | | |
|---|---|---|
| | word nie tydens ander geleenthede toegelaat nie. | |
| 4.7.1 | **Seuns/Mans** | **Boys/Men** |
| 4.7.1.1 | **Hemde** | **Shirts** |
| | a) Slegs nasionale hemde met krae word gedra. | a) Only national shirts with collars are worn. |
| 4.7.1.2 | **Broeke** | **Pants** |
| | a) Langbroeke of kortbroeke (in die kleure van 'n instansie) mag tydens wedstryde deur deelnemers gedra word. | a) Trousers or shorts (in the colours of an institution) may be worn by participants during matches. |
| | b) Spanne moet eenvormig vertoon (lang- of kortbroek). | b) Teams must appear uniform (long- or short pant). |
| | c) Die langbroek is of wit of in die kleur van die instansie en word met 'n belt/gordel gedra wat verkieslik by die kleur van die broek pas. | c) The trousers are either white or in the colour of the institution and are worn with a belt that ideally matches the colour of the pants. |
| | d) Die dra van broekspype binne stewels, sokkies of kouse is nie toelaatbaar nie. | d) The wearing of trouser legs inside boots, socks or stockings is not allowed. |
| | e) Jeans is nie sportbroeke nie, die dra van jeans en heupbroeke wat dele van die liggaam ontbloot, is nie toelaatbaar nie. | e) Jeans are not sports pants. Wearing jeans and hipsters, revealing parts of the body, is not allowed |
| | f) 'n Kortbroek kan van materiaal met 'n rits gedra word en die lengte is net bokant die knie. | f) Shorts can be of a material with a zipper and the length is just above the knee. |
| | g) Die 'Quantec' broek mag ook gedra word – sonder rits en moet ook gepaste lengte bokant die knie wees. | g) The 'Quantec' pants may also be worn - no zipper and must be an appropriate length above the knee. |
| 4.7.1.3 | **Sokkies/Kouse** | **Socks/Stockings** |
| | a) Langkouse of kortkouse word by kortbroeke gedra en in die kleure van die instansie wat verteenwoordig word | a) Long stockings or short socks are worn with shorts and in the colours of the institution they represent. |
| | b) Sokkies is kouse wat tot by die enkels kom (tenniskouse) | b) Socks are socks that come up to the ankles (tennis socks). |
| | c) Kouse/sokkies moet sigbaar wees ongeag of 'n stewel of 'n skoen daarby gedra word | c) Stockings/socks should be visible regardless of whether a boot or a shoe is worn with it. |
| | d) Kouse moet netjies en eenvormig vertoon (almal dra dieselfde kleur en snit sokkie) | d) Socks must be neat and uniform (all wear the same colour and cut socks). |
| 4.7.1.4 | **Skoene** | **Shoes** |
| | a) Die kleur van skoene is opsioneel. | a) The colour of shoes is optional. |
| | b) Sloffies en sandale is nie toelaatbaar nie en sportskoene word aanbeveel. | b) Slops and sandals are not allowed and sports shoes are recommended. |
| | c) Stewels mag nie hoër as 10 cm bokant die enkel wees nie. | c) Boots may not be higher than 10cm above the ankle. |
| 4.7.1.5 | **Sweetpakke** | **Tracksuits** |
| | a) Deelnemers kan nasionale sweet-pakke dra – slegs as die weer van so aard is dat dit nodig is. | a) Participants may wear tracksuits representing the institution - only if the weather is such that it is necessary. |
| 4.7.1.6 | **Formele drag** | **Formal dress** |

| | | |
|---|---|---|
| | a) Nasionale deelnemers dra die Nasionale baadjie, das, wit hemp en Stone langbroek. | a) National participants wear the National blazer, tie, white shirt and Stone trousers. |
| **4.7.2** | **Meisies/ Vroue** | **Girls/Women** |
| 4.7.2.1 | **Hemde** | **Shirts** |
| | a) Slegs nasionale hemde met krae word gedra. | a) Only national shirts with collars are worn. |
| 4.7.2.2 | **Rok/Romp/Broeke** | **Dress/Skirt/Pants** |
| | a) Rompe/kniebroeke moet netjies en eenvormig vertoon. Die keuse van 'n snit word aan die diskresie van die vroue oorgelaat en word in oorleg met die betrokke Spanbestuur uitgeklaar. | a) Skirts/knee length pants should be neat and uniform. The choice of a cut is left to the discretion of the women and confirmed in consultation with management. |
| | b) Die snit en gepaardgaande drag moet te alle tye afgestem wees op die geleentheid. Voormelde impliseer dat elke lid van 'n span 'n snit van eie keuse mag dra. | b) The cut coupled with the clothing must always be focused on the event. The above implies that each member of a team may wear a cut of his/her own choice. |
| | c) Die hele span moet eenvormig vertoon. | c) The whole team must have a uniform look. |
| | d) Die lengte van die romp/broek moet keurig en gepas wees vir die sport. (Nie korter as 15cm vanaf die knie as gemeet word in knielende posisie.) | d) The length of the skirt/pants must be neat and appropriate for the sport. (Not shorter than 15cm above the knee as measured in the kneeling position.) |
| | e) Indien 'n sjoebroek of fietsrybroek gedra word mag dit nie sigbaar onder die romp/ broek wees nie. | e) If hotpants or cycling shorts are worn it may not be visible under the skirt/pants. |
| 4.7.2.3 | **Sokkies/Kouse** | **Socks /Stockings** |
| | a) Kortkouse/sokkies word gedra. | a) Short socks are worn. |
| | b) Die 'versteekte' sokkies is toelaatbaar | b) 'Hidden' socks are allowed |
| | c) Sokkies is kouse wat tot by die enkels kom (tenniskouse). | c) Socks are socks that reach the ankle (tennis socks) |
| | d) Kouse moet netjies en eenvormig vertoon (almal dra dieselfde kleur en snit sokkie). | d) Socks must be neat and look uniform (everyone wears the same colour and cut sock) |
| 4.7.2.4 | **Skoene** | **Shoes** |
| | a) Die kleur van skoene is opsioneel. | a) The colour of shoes is optional. |
| | b) Sloffies en sandale is nie toelaatbaar nie en sportskoene word aanbeveel | b) Slops and sandals are not allowed and sports shoes are recommended. |
| | c) Skoene moet verkieslik vroulik en sportief vertoon en stewels word vir vroue en meisies ontmoedig. | c) Shoes must be preferably feminine and sporting and the wearing of boots by girls and women is discouraged. |
| 4.7.2.5 | **Sweetpakke** | **Tracksuits** |
| | a) Deelnemers kan nasionale sweet-pakke dra – slegs as die weer van so aard is dat dit nodig is. | a) Participants may wear national tracksuits - only if the weather is such that it is necessary. |
| 4.7.2.6 | **Formele drag** | **Formal dress** |
| | a) Nasionale deelnemers dra die Nasionale baadjie, wit bloes en Stone romp of langbroek. | a) National participants wear the National blazer, white blouse and Stone skirt/trousers. |
| **4.8** | **Beamptes van Spanne (Afrigters en Spanbestuurders)** | **Officials of Teams (Coaches and Team Managers)** |

| | | |
|---|---|---|
| 4.8.1 | Beamptes word eenvormig soos die deelnemers geklee. | Officials are dressed uniform like the participants. |
| 4.8.2 | Sandale is nie deel van die kleredragreëls nie en is dus ontoelaatbaar vir enige beampte. | Sandals are not part of the dress code and are therefore inadmissible for any official. |
| **4.9** | **Diensdoenende Skeidsregters** | **Acting Umpires** |
| 4.9.1 | Waar meer as een skeidsregter optree, moet hulle eenvormig geklee wees. | Where more than one umpire officiate, they must be uniformly dressed. |
| 4.9.2 | Langbroeke/kniebroeke in Stone kleur moet tydens die wedstryde deur die skeidsregters gedra word. | Trousers/knee high pants in Stone color must be worn by umpires during matches. |
| 4.9.3 | Slegs die goedgekeurde Skeidsregtershemp sal tydens wedstryde deur die skeidsregters gedra word. | Only the approved Umpire shirt will be worn by Umpires during matches. |
| **5** | **VERF VAN SKEIE EN PENNE** | **PAINTING OF SKEYS AND PEGS** |
| 5.1 | Skeie en penne is die toerusting wat soos kleredrag die kleure van die deelnemende instansie verteenwoordig. | Skeys and pegs are equipment such as clothing that represents the colours of the participating institution. |
| **5.2** | **Skool-/Klubkleure vir skeie en penne** | **School-/Club Colours for skeys and pegs** |
| 5.2.1 | Die kleur en formaat van die verf van skeie en penne word deur die Distrikbestuur gekontroleer. | The colour and format of the painting of skeys and pegs are controlled by the District Management. |
| **5.3** | **Distrikkleure vir skeie en penne** | **District colours for skeys and pegs** |
| 5.3.1 | Die kleur en formaat van die verf van skeie en penne word deur die Distrikbestuur gekontroleer. | The colour and format of the painting of skeys and pegs are controlled by the District Management. |
| **5.4** | **Provinsiekleure vir skeie en penne** | **Provincial colours for skeys and pegs** |
| 5.4.1 | Die kleur en formaat van die verf van skeie en penne word deur die Provinsiale bestuur gekontroleer. | The colour and format of the painting of skeys and pegs are controlled by the Provincial Management. |
| 5.4.2 | Die Provinsiale bestuur dien die voorstel vir kleur en formaat van die verf by die AJV van Jukskei SA in vir bekragtiging. | The Provincial Management submits the proposed colour and format of the painting to the AGM of Jukskei SA for ratification. |
| **5.5** | **Nasionale Kleure vir skeie en penne** | **National Colours for skeys and pegs** |
| 5.5.1 | Die kleur en formaat van die verf van skeie en penne word deur die Direksie van JSA gekontroleer. | The colour and format of the painting of skeys and pegs are controlled by the Board of JSA. |
| 5.5.2 | Deelnemers mag onder geen omstandighede in Nasionale Kleure deelneem mits hul toerusting korrek is nie - dit sluit skeie en penne in. | Participants may under no circumstance participate in National Colours if their equipment is not correct - it includes skeys and pegs. |
| 5.5.3 | Geen maskeerband en/of los plakkers mag op die toerusting geplak word nie. | No masking tape and/or loose stickers may be placed on the equipment. |
| 5.5.4 | Die Kleure van die **Nasionale spanne** is Bottelgroen en Goud. | The Colours of the **National teams** are Bottle Green and Gold. |
| **5.6** | **Nasionale spanne – skeie en penne** | **National teams – skeys and pegs** |
| 5.6.1 | **Skeie: Brilliant Green met 50mm Goue band** | **Skeys: Brilliant Green with 50mm Gold band** |
| 5.6.2 | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Brilliant Green met 50mm Goue band sowel as windmerk soos per speelreëls. | Brilliant Green with 50mm Gold band as well as a wind mark according to Game Rules. |
| 5.6.3 | **SA Onder 19, Junior, Senior, Bo 50 en Bo 60** | **SA Under 19, Junior, Senior, Above 50 and Above 60** |

| | | |
|---|---|---|
| | **Skeie**: Brilliant Green met 75mm Goue kop | **Skeys**: Brilliant green with 75mm Gold head |
| 5.6.4 | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Brilliant Green met 75 mm Goue kop sowel as windmerk soos per speelreëls. | Brilliant Green with 75mm Gold head as well as wind mark according to Game Rules. |
| 5.6.5 | **Kleredrag:** Groen, Geel en Wit | **Attire:** Green, Yellow and White |
| **5.7** | Die kleure van die volgende **Uitnodigingspanne op Nasionale vlak** word soos volg geverf: | The colours of the following **Invitation Teams at National Level** are painted as follows: |
| 5.7.1 | **SA A-Span** | **SA A-Team** |
| 5.7.1.1 | **Skeie:** | **Skeys:** |
| | Helfte van skei in lengte is Brilliant green en Sunshine Yellow | Half of the skey in length is Brilliant Green and Sunshine Yellow |
| 5.7.1.2 | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Brilliant Green met 'n Sunshine Yellow in die middel asook windmerk wat geverf word volgens die Speelreëls van JSA | Brilliant Green with a Sunshine Yellow in the middle as well as a wind mark painted according to the Game Rules of JSA, |
| 5.7.1.3 | **Kleredrag:** | **Clothing:** |
| | Groen en Geel | Green and Yellow |
| 5.7.2 | **SA Akademie Span** | **SA Academy Team** |
| 5.7.2.1 | **Skeie:** | **Skeys:** |
| | Vlootblou skei met 50mm Rooi band | Navy blue skey with a 50mm Red band |
| 5.7.2.2 | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Vlootblou pen met 'n 50mm Sinjaalrooi in die middel en windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA | Navy blue peg with a 50mm Signal Red in the middle and wind mark painted according to the game Rules of JSA. |
| 5.7.2.3 | **Kleredrag:** | **Clothing:** |
| | Blou, Rooi en Wit | Blue, Red and White |
| 5.7.3 | **SA Meesterspan** | **SA Masters Team** |
| 5.7.3.1 | **Skeie:**<br>Die SA Meesters se romp gedeelte van die skei is Bottelgroen met n 75mm Geel kop. | **Skeys:**<br>The SA Masters' body part of the skey is Bottle Green with a 75mm Yellow head. |
| 5.7.3.2 | SA Groot Meesters se romp gedeelte van skei is Bottelgroen met 75mm Geel band in die middel. | The SA Grand Masters' body part of the skey is Bottle Green with a 75mm Yellow band in the middle. |
| 5.7.3.3 | **Penne:**<br>SA Meesters penne Bottelgroen met 75mm Geel kop asook Geel windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA. | **Pegs:**<br>SA Masters' pegs Bottle Green with a 75mm Yellow head as well as Yellow wind mark painted according to the Game Rules of JSA. |
| 5.7.3.4 | SA Grootmeesters penne Bottelgroen met 75mm Geel band in die middel asook Geel windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA. | The SA Grand Masters' pegs Bottle Green with a 75mm Yellow band in the middle as well as Yellow wind mark painted according to the Game Rules of JSA. |
| 5.7.4 | **SA Senior Akademie Uitnodigingspan** | **SA Senior Academy Invitation Team** |
| 5.7.4.1 | **Skeie:** | **Skeys:** |
| | Rompgedeelte van die skei is Ligblou | Body part of the skey is light blue |
| 5.7.4.2 | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Ligblou met 'n Wit windmerk soos geverf volgens die Speelreëls van JSA | Light blue with a White wind mark painted according to the Game Rules of JSA |
| | | |
| **6** | **TOERUSTING** | **EQUIPMENT** |
| | Die toerusting om Jukskei te speel behels die volgende: | The equipment to play Jukskei includes the following: |
| **6.1** | **Skeie:** | **Skeys:** |

| | | |
|---|---|---|
| | Elke deelnemer speel met twee skeie wat aan die spesifikasie voldoen. | Each participant plays with two skeys that meet the specifications. |
| **6.2** | **Penne:** | **Pegs:** |
| | Elke span voorsien twee penne wat aan die spesifikasies voldoen. | Each team provides two pegs that meet the specifications. |
| **6.3** | **Passer:** | **Calliper:** |
| | Elke spankaptein het 'n passer om te meet. | Each team captain has a calliper to measure |
| **6.4** | **Skraper:** | **Scraper:** |
| | Die skraper is opsioneel maar word aanbeveel om die sandput voor te berei. | The scraper is optional but is recommended to prepare the sandpit. |
| **6.5** | **Verantwoordelikheid vir toerusting** | **Responsibility of equipment** |
| | Die deelnemende instansie se beamptes neem verantwoordelikheid vir die korrektheid van deelnemers se toerusting | The participating institution's officials take responsibility for the accuracy of participants' equipment |
| | | |
| **7** | **WYSIGINGS** | **AMENDMENTS** |
| **7.1** | Wysigings tot hierdie Reglement word deur middel van 'n Beskrywingspunt voor 'n datum soos bepaal deur die UB van Jukskei SA by die Direkteur Administrasie ingedien sodat die voorstel op die Sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas kan word. | Amendments to these Rules shall be submitted to the Director of Administration through a Motion before a date set by the Executive of Jukskei SA so that the proposal can be placed on the Agenda of the Annual General Meeting. |
| **7.2** | Na aanvaarding deur die AJV sal die wysigings geïmplementeer word. | After adoption by the AGM the changes will be implemented. |
| | Hierdie Reglement is aanvaar op die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA soos gehou op **20 Julie 2024** te Kroonstad. | This Regulation was adopted at the Annual General Meeting of Jukskei SA that was held in Kroonstad on **20 July 2024**. |

**JN NEL**
**PRESIDENT JSA**

**D SMIT**
**DIREKTEUR/DIRECTOR**
**ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION**

<table>
<tr><th colspan="8">Kleure-, Klere- en Toerustingspesifikasies</th></tr>
<tr><th>Katego-rie</th><th>Toekenning en Wapen</th><th>Spelers/Beamptes<br>Players/Officials</th><th>Deelname aan</th><th>Kleuretoeken-ning</th><th>Kleredrag</th><th>Skeie</th><th>Penne</th></tr>
<tr><td rowspan="2">1</td><td rowspan="2">Protea<br><br>King Protea</td><td>Senior Mans/Men<br>Senior Vroue/Women<br>Junior Mans/Men<br>Junior Vroue/Women<br>Bo 50 Mans/Over 50 Men<br>Bo 50 Vroue/Over 50 Women<br>Bo 60 Mans/Over 60 Men<br>Bo 60 Vroue/Over 60 Women</td><td>SA Senior Kampioenskap<br>Championship</td><td rowspan="2">Groen en Goud<br>Green and Gold</td><td rowspan="2">Groen, Geel en Wit<br>Green, Yellow and White</td><td rowspan="2">Rompgedeelte van die skei is Brilliant Green met ‘n 75mm Rich Pale Gold kop<br>Body portion of the skey is Brilliant Green with a 75mm Rich Pale Gold head</td><td rowspan="2">Brilliant Green met ‘n 75mm Rich Pale Gold kop en wind-merk wat geverf word volgens die Speelreëls van JSA<br>Brilliant Green with a 75mm Rich Pale Gold head and wind mark that is painted accor-ding to the Game Rules of JSA</td></tr>
<tr><td>0/19 Seuns/U/19 Boys<br>0/19 Meisies/U/19 Girls</td><td>SA Junior Kampioenskap<br>Championship</td></tr>
<tr><td colspan="8"></td></tr>
<tr><td>2</td><td>Direksie<br>Board of Directors<br><br>Korporatief met Kasteel<br>Corporate with Castle</td><td>President/<br>President<br><br>Vise-Presidente/<br>Vice-Presidents<br><br>Direksielede/<br>Board of Directors</td><td colspan="5">Nie van toepassing<br>Not applicable</td></tr>
<tr><td colspan="8"></td></tr>
</table>

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | **JSA Korporatie-we Kleure**<br><br>*JSA Corporate Colours* | **SA Meesters Mans/**<br>SA *Masters Men*<br>**SA Meesters Vroue**/<br>SA *Masters Women*<br><br>**SA Groot Meesters Mans**/<br>*SA Grand Masters Men*<br>**SA Groot Meesters Vroue**/<br>*SA Grand Masters Women* | **SA Meesters Toernooi**<br><br>*SA Masters Tournament* | **Groen en Geel**<br>*Green and Yellow* | **Groen en Geel**<br>*Green and Yellow* | **Rompgedeelte van die skei is Bottelgroen met 'n 75mm Geel kop**<br>*Body part of the skey is Bottle Green with a 75mm Yellow head* | **Bottelgroen met 'n 75mm Geel kop asook windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA**<br>*Bottle Green with a 75mm Yellow head as well as a wind mark painted according to the Game Rules of JSA* |
| | | **0/16 Seuns**<br>*U/16 Boys*<br><br>**0/16 Meisies**<br>*U/16 Girls* | **SA Junior Kampioenskap**<br>*Championship* | **Groen en Goud**<br>*Green and Gold* | **Groen, Geel en Wit**<br><br>*Green, Yellow and White* | **Brilliant Green skei met 50mm Goue band**<br><br>*Brilliant Green skey with 50mm Gold band* | **Brilliant Green met 'n 50 mm Rich Pale Gold in die middel asook windmerk wat geverf word volgens die Speelreëls van JSA**<br><br>*Brilliant Green with a 50mm Rich Pale Gold band in the middle as well as a wind mark that is painted according to the Game Rules of JSA* |
| | | **JSA Komitees/**<br>*JSA Committees* | **Nie van toepassing**<br>*Not applicable* | | | | |
| | | | | | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | **JSA Korporatief**<br>*Corporate*<br><br>**Groen met Geel wapen**<br>*Green with Yellow logo* | **SA A Senior Mans/**<br>*SA A Senior Men*<br>**SA A Senior Vroue/**<br>*SA Senior Women*<br>**SA A Junior Mans/**<br>SA A Junior Men<br>**SA A Junior Vroue**<br>SA A Junior Women<br>**SA A Bo 50 Mans**<br>SA A Men Above 50<br>**SA A Bo 50 Vroue**<br>SA A Women Above 50 | **Senior Kamioenskap**<br>*Championship* | **Groen en Geel**<br>*Green and Yellow* | **Groen en Geel**<br>*Green and Yellow* | **Helfte van skei in lengte is Brilliant Green en Sunshine Yellow**<br>*Half of the skey in length is Brilliant Green and Sunshine Yellow* | **Brilliant Green met 'n Sunshine Yellow in die middel asook windmerk wat geverf moet word volgens die Speelreëls van JSA**<br>*Brilliant Green with a Sunshine Yellow in the middle as well as a wind mark painted according to the Game Rules of JSA* |
| | | **SA A 0/19 Seuns**<br>SA A U/19 Boys<br>**SA A 0/19 Meisies**<br>SA A U/19 Girls<br>**SA A 0/16 Seuns**<br>SA A U/16 Boys<br>**SA A 0/16 Meisies**<br>SA A U/16 Girls | **Junior Kampioenskap**<br>*Championship* | | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | **SA Senior Akademie**<br>*JSA Senior Academy* | Senior Mans<br>Senior Men<br>Senior Vroue<br>Senior Women<br>Bo 50 Mans<br>Men Above 50<br>Bo 50 Vroue<br>Women Above 50 | **SA Senior Akademie Toernooi**<br>*Tournament* | Blou met Rooi logo<br>Blue with red logo | Blou en rooi<br>Blue and Red | **Vlootblou skei met 50mm Sinjaalrooi band** | **Vlootblou pen met 'n 50mm Sinaalrooi band in die middel en windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA**<br>*Navy blue peg with a 50mm Signal red in the middle and wind mark painted according to the game Rules of JSA* |
| | **SA Junior Akademie**<br>*SA Junior Academy* | **0/19 Seuns**<br>*U/19 Boys*<br><br>**0/19 Meisies**<br>*U/19 Girls* | **SA Akademieweek**<br>*Academy Week* | **Blou met Rooi logo**<br>*Blue with Red logo* | **Blou, rooi en wit**<br>*Blue, red and white* | | **Vlootblou pen met 'n 50mm Sinjaalrooi in die middel en windmerk wat geverf sal word volgens die Speelreëls van JSA**<br>Navy blue peg with a 50mm Signal Red in the middle and wind mark painted according to the game Rules of JSA |
| | | | | | | | |
| 6 | **Uitnodiging-spanne**<br>*Invitation Teams*<br><br>**Korporatief**<br>*Corporate* | Senior Mans/Men<br>Senior Vroue/Women<br>Bo 50 Mans/Men Above 50<br>Bo 50 Vroue/Women Above 50 | **SA Senior Akademie Toernooi**<br>*Tournament* | | | | |
| | | **0/19 Seuns**<br>U/*19 Boys*<br>**0/19 Meisies**<br>*U/19 Girls* | SA Junior Akad Week | **Geel en Wit**<br>*Yellow and White* | Geel met Groen logo<br>Yellow with Green logo | **Rompgedeelte van die skei is ligblou** | **Ligblou met 'n wit windmerk soos geverf volgens die Speelreels van JSA** |